



Stigtingsjaar 1909

Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. 086 133 3786
Faks (012) 329 0293
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Tydlike adres: Soutpansbergweg 92
Riviera, Pretoria

11 Mei 2016

PERSVRYSTELLING (Vir onmiddellike vrystelling)

HERBESIN OOR TAALBELEID: DIE SA AKADEMIE SE BEROEP OP DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT (UV)

"Die Universiteit van die Vrystaat se besluit om sy onderrig- en voertaal van 2017 af te verengels, is onbesonne en onverantwoordelik. Dit dien nie die nasionale belang van die land nie en neem allermins die demografiese statistiek rondom die plek van Afrikaans in ag." Dit is die mening van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, aldus die uitvoerende hoof, dr. Dionē Prinsloo. Die SA Akademie steun AfriForum se hofaksie om die UV se besluit tot verengelsing van die instelling te stuit.

Die SA Akademie het met teleurstelling en kommer kennis geneem dat Engels die onderrig- en administratiewe taal by die UV vanaf die aanvang van die akademiese jaar in 2017 sal wees. Die Akademie is oortuig dat hierdie verreikende besluit nóg in belang van die universiteit nóg in belang van die voorsiening van skaars vaardighede vir die land as geheel sal wees. Daar is oorweldigende bewyse dat studente die beste in hulle moedertaal presteer. Die UV het 'n trotse verlede en het nasionaal en internasionaal aansien verwerf met Afrikaans as onderrigtaal. 'n Universiteit word deur 'n bepaalde gemeenskap tot stand gebring en onderhou. So het die UV oor dekades 'n trots by personeel, oudstudente, donateurs en die breë publiek verwerf. Daar is wêreldwyd bewyse dat wanneer 'n universiteit van die ondersteuningsbasis vervreem word daar 'n verlies van uitnemende personeel en studente plaasvind wat daartoe lei dat standaarde onvermydelik daal. Die UV werf Afrikaanstalige studente wat uitstekend presteer en hulle studies in die minimumtydperke voltooi. Baie studeer nagraads. 'n Universiteit kan nie bekostig om hierdie kategorie studente te verloor nie.

Vanweë die sentrale plekligging van die UV gaan Afrikaanstalige studente logieserwyse na die UV. Benewens Afrikaanstalige studente uit die provinsie self, dien daarop gelet te word dat 53% van die Noord-Kaap se totale bevolking Afrikaanssprekend is. Gauteng het 1,6 miljoen Afrikaanstalige mense en word 'n natuurlike voedingsgebied vir die UV, veral nadat die UJ verengels het.

Met die besluit tot verengelsing ondermyn die UV sy eie akademiese statuut ten dienste van politieke gewin en gee hiermee toe aan die wense van groepe vir wie Engels dikwels 'n tweede of selfs 'n derde taal is. Die SA Akademie erken die belang van Engels as akademiese taal, as landstaal en as omgangstaal. Die taaldemografiese

werklikheid van die plek van Afrikaans moet egter ook in ag geneem word. Die Akademie is oortuig dat lesings in Afrikaans en Engels as onderrigtaale op voorgraadse vlak aangebied kan word; en ondersteun die ontwikkeling van Sotho heelhartig en sal aktief bydraes maak ter uitbouing van dié taal.

Die SA Akademie versoek die bestuur van die UV om sy besluit te hersien en te sorg dat die UV steeds ook 'n nismark bied vir studente wat in Afrikaans wil studeer en grade in Afrikaans wil verwerf. Die UV is dit verskuldig aan die Afrikaanssprekers in sy voedingsgebied en as nasionale instelling aan almal in Suid-Afrika wat in Afrikaans wil studeer. 'n Vriendelike dog dringende beroep word derhalwe op die universiteitsraad gedoen om te verseker dat Afrikaans sy regmatige plek op 'n hoofkampus waar die onmiddellike ondersteuningsgemeenskap oorwegend Afrikaanstalig is sal behou.

Dit is byna seker – deur Afrikaans uit te rangeer – dat die UV baie van sy oudstudente en sekere donateurs se lojaliteit en steun sal ontbeer. Die UV in 'n "Engelse gedaante" sal die konsekwensies hiervan moet dra en waarskynlik 'n nuwe steunbasis moet werf. Die rektor van UV, prof. Jonathan Jansen, het verskeie kere die versekering gegee dat Afrikaans 'n vaste plek by die UV het en Afrikaans se status veilig is binne die UV. Die SA Akademie doen 'n beroep op hom om in sy hoedanigheid as rektor en as lid van die SA Akademie sy woord gestand te doen en 'n vaste plek vir Afrikaans binne die UV te handhaaf.

Dr. Dionē Prinsloo: Hoof Uitvoerende Beampte

Tel 086-133-3786 / Sel 082 464 6953

E-pos: dprinsloo@akademie.co.za / akademie@akademie.co.za